VERJAARSDAE : 20 TOT 26 JANUARIE 2008

01/20	ADÉLL	UYS	SMUTSLN 120	664 4598	13Ab
01/21	LIZA	KOCK	HANS STRIJDOMLN 204A	083 444 0405	09Ab
01/23	WESSIE	WESSELS	HANS STRIJDOMLN 107	072 261 7229	13Aa
01/23	DORRIE	MARTINS	KORTSTR 358	664 2531	01Ab
01/23	SJ	SWART	CLIFTON PLACE 17	082 552 3098	26Aa
01/23	STEVEN	SWART	DF MALANLN 121	082 492 5254	17Aa
01/23	MARLENÉ	VORSTER	VAN RIEBEECKLN 101	664 0304	15Aa
01/26	NATIE	FERREIRA	HANS STRIJDOMLN 193	664 3943	08Ab
01/26	CARIA	OELOFSE	VAN RIEBEECKLN 17	664 8931	23Aa
01/26	TANIA	OELOFSE	VAN RIEBEECKLN 17	664 8931	23Aa
01/26	ANTOINETTE	VAN RENSBURG	KRUGERLN 73.	664 2481	20Aa
01/26	JOHANN	ISKE	CHARIS 14 BASDENLN 228	082 388 2315	26Aa

HUWELIKHERDENKING

SONDAG, 20 JANUARIE

TONY EN FRANSIE ENGELBRECHT	HANS STRIJDOMLN 21	664 3278	22Aa

INLIGTING OP DATABASIS

Indien u huwelikherdenking nie gedurende 2007 verskyn het nie, is dit nie op die dastabasis beskikbaar nie.

Gee dit asseblief deur aan Max Amsenga (664-3629).

Enige foute kan ook by haar reggestel word.

Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos

FAMILIENUUS

Sondag, 20 Januarie 2008

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za | Blog: www.lytteltonoos.org.za/blog

SONDAG, 20 JANUARIE

Deurkollekte Motorwag

09:00 Erediens: Ds Freddie Schoeman
Voorstel van Mentors
09:00 Kindereredienste
10:30 Erediens: Ds Freddie Schoeman
17:30 Jeugdiens (Kategese)
19:00 Mosaïek

MAANDAG, 21 JANUARIE

19:00 Droomspanbyeenkoms

DINSDAG, 22 JANUARIE

09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 23 JANUARIE

17:00 Biduur

DONDERDAG, 24 JANUARIE

09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

SONDAG, 27 JANUARIE

09:00 Erediens: Ds Odie Odendaal (Voorbereiding)
09:00 Kindereredienste
10:30 Erediens: Ds Freddie Schoeman
17:30 Jeugdiens (Kategese)
19:00 Mosaïek

MAANDAG, 28 JANUARIE

19:00 Droomspanvergadering

DINSDAG, 29 JANUARIE 2008

09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 30 JANUARIE

17:00 Biduur
19:00 KAF-vergadering

DONDERDAG, 31 JANUARIE

09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

SONDAG, 3 FEBRUARIE

Biddag Onderwys en Opvoeding
Deurkollekte Noodlenigingsfonds
Kommissieveslae inhandig

09:00 Nagmaal: Ds Freddie Schoeman
09:00 Kindereredienste
10:30 Nagmaal: Ds Freddie Scheoman
17:30 Jeugdiens (Kategese)
19:00 Mosaïek

NUWE INTREKKERS

Ons wil graag nuwe intrekkers ontmoet. Kom ons kry mekaar voor die kansel net na die diens vanoggend verby is.

VOORBIDDING

1. Mike en Dina Fisher, Smutsln 190a (664- 6244) met Mike wat 'n operasie ondergaan het (Wyk 08Aa).
2. Johan en Davina Bauer, DF Malanln 257 (664-2230) met Johan wat herstel van beserings nadat hy geval het (Wyk 07Aa).
3. Meiring en Nelleke Gouws, Langebrinkweg 120 (664-3581) met Nelleke wat tuis herstel na operasies (Wyk 26Aa).
4. Leon en Rosalia Barnard, Smutsln 266 (644-1323) wat herstel na 'n ernstige motorfiets ongeluk (Wyk 05Ab).
5. Willie en Tania Neü, Krugerln 250a (664-2645, met klein Anje wat geval het en ernstig seergekry het. Dit gaan beter. (Wyk 07Ab).
6. Gerhardus en Charn Broekhuizen, Hans Strijdomln 9 (664-4640) met Gerhardus wat 'n operasie onder gaan het (Wyk 22Aa).
7. Tannie Joey James, Van Riebeeckln 34 (664-3930) wat weer tuis is na haar kuier in Messina (Wyk 23Ab).

DIE NOODSAAKLIKHEID VAN GELOOF

Ds MW Odendaal

SONDAG 9 DESEMBER 2007

PSALM 27:13

"As ek nie geglo het nie …"sê Dawid in vers 13, en dan voltooi hy nie die sin nie. Al die ander sinne is voltooi, maar dié een eindig met ... kolletjies. Hy het aan al die lewensgevaarlike situasies gedink waarin hy was – met Goliat, Saul meermale, die Filistyne, sy eie kinders wat hom wou vermoor. Ons kan aanvoel dat 'n rilling deur sy lyf gegaan het toe hy gedink aan alles wat met hom kon gebeur het en toe hy sug: „As ek darem nie geglo het nie".

Maar hy het geglo en gebid en God was getrou en het sy gebede keer op keer beantwoord en hom gehelp en die uitkoms gegee.

Dit is waarom Jesus gekom het. Een van sy groot werke – dit was nie die enigste nie – was om geloof te wek. Hy het nie 'n nuwe godsdiens kom stig nie, maar geloof in God en geloof in Hom kom wek en versterk.

Vandag is daar baie gelowiges op aarde wat as gelowiges so maklik met die loop van tyd en omstandighede begin leef sonder geloof. Ons hanteer ons swaarkry en probleme asof ons net op onsself met ons intellek en vaardighede en ander se hulp aangewys is en ons vergeet van God en Jesus Christus.

Daar word vertel van Martin Luther dat hy op 'n dag by sy lessenaar gesit en werk het toe sy vrou in swart geklee daar inkom.

"Is iemand dood?" vra hy.

"Ja", sê sy.

"Wie?" vra hy baie besorgd.

"God", anwoord sy.

"Hoe kan jy so ligsinnig wees en sleg van God praat?" vra hy ontsteld.

"Ek is nie ligsinnig nie en praat nie sleg van God nie", werp sy teen.

"Dis hoe jy leef. Jy lag nooit meer nie, jy is somber en afgetrokke, jy is depressief en sien net die donker kant van alles raak. Jy leef asof daar geen God is nie en asof Jesus Christus nie uit die dood opgestaan het en leef nie. Waar is jou geloof?"

Luther het sy kop laat sak.

"Jy is reg. Dankie", sê hy.

Luther het opgestaan en aan sy geloof begin werk. Hy het gebid dat die Heilige Gees weer sy geloof sal versterk en baie positief die beloftes van God opgeroep en daaraan vasgehou. Dit het 'n hele transformasie by hom veroorsaak en hy was weer die ou Martin Luther – vol vreugde en geloof, 'n oorwinnaar oor sy teenspoed en probleme. Hy was weer 'n nuwe mens.

Kom saam op 'n ontdekkingsreis

Ontdek saam met ons hoe God se droom vir jou lewe kan waar word: 'n lewe van liefde, vreugde en vrede

Ontdek die <u>vyf groot waarhede</u> wat jou lewe kan verander

Volg die <u>spoor</u> van God in sy Woord en in jou lewe

Hoe volg ek die spoor?

- **Woon al die eredienste van 3 Februarie tot 23 Maart 2008 by**
- **Pas die boodskap toe in jou huisgesin deur die huisgodsdiensriglyne te volg**
- **Word deel van 'n vriendskapsgroep wat elke week bymekaar kom**
- **Lees elke dag 'n dagstukkie in jou stiltetyd**
- **Maak die vyf groot waarhede so deel van jou lewe**

RAAK OOK OP ANDER MANIERE BETROKKE

Help ons om God se droom vir ons gemeente waar te maak

Meld aan deur die ingeslote vorm in te vul.

GEMEENTEKONFERENSIE

Tema: ’n Gemeentebediening in lyn met God se droom

Doel: Om te besin oor 'n realistiese en effektiewe bedieningsmodel wat daarop gemik is om geestelike herlewing in die gemeente en breër gemeenskap te bevorder.

Elke lidmaat / voornemende lidmaat is welkom om dit by te woon

(Inligtingstukke is in die kerkkantoor beskikbaar)

Datum: 20 Januarie 2008
Tyd: 11:00 – 13:00
Plek: Yskor Lapa (sien kaart)

Na die tyd: Bring en Braai / Piekniek
Pak 'n piekniekmandjie of bring 'n vleisie en kom kuier saam!
(Vure sal voorsien word maar bring asseblief eie eetgerei, vleis en bykosse)



(Roeteaanwysers na die terrein sal ook aangebring word.
Kyk gerus uit daarvoor.)

Indien vervoer na die terrein verlang word, skakel met enige een van die volgende persone:

Johan Freysen (082-8055330)
Johan Bauer (083-3053768)
Johan de Beer (082-4686562)
Kobus Badenhorst (083-2351084)
Freddie Schoeman (084-5818139)

Geloof!

”As ek darem nie geglo het nie!”

- As Henog nie geglo het nie sou hy nie met so ’n oorgawe aan God geleef het dat die mense na sy dood kon skryf dat hy met God gewandel het en dat God hom weggeneem het nie.
- As Noag nie geglo het nie sou hy God nooit gehoorsaam het en ’n tamaai groot skip, die ark, vir 100 jaar op droë grond ver van die see in ’n rivier gebou het om sy gesin en die diere te red teen die sondvloed nie.
- As Abraham nie geglo het nie sou hy nie so geleef het dat God met hom ’n verbond met al die wonderlike beloftes kon sluit nie.
- As Paulus nie geglo het nie ... ons leer daarvan in 2 Kor 5:16 waar Paulus volgens die Ou Vertaling sê: ”Al het ons ook Christus na die vlees geken, nou ken ons Hom tog nie meer so nie”. Wat Paulus daar sê is: “Ek het Jesus gehoor, gesien, geken, maar vir my lewe kon ek nie insien dat Hy meer as net ’n gewone mens was nie, ’n mens wat boonop Homself baie dinge verbeel het. Hy het hom verbeel dat hy Goddelike krag en gesag het. Daarom het ek hom vervolg en ook almal wat in Hom geglo het. Maar toe ek Hom op die Damaskusweg ontmoet en tot geloof gekom het, het die skille van my oë geval en kon ek sien dat Hy die Seun van God is, ons Verlosser, Heiland en Middelaar en nou dink ek as gelowige totaal anders oor Christus. Daarom kan ek nou vir julle sê: (vers 18) ”God het ons deur Jesus Christus met Homself versoen ...” Dis ’n nuwe Paulus, ’n totaal ander mens as die een wat die christene so vervolg het.

Geloof!

Geloof is die instrument wat ons met God en Jesus Christus verbind en maak dat ons bewus daarvan is dat God en Jesus Christus met ons en in ons is om ons te help.

As daardie instrument met Kersfees ontbreek is Kersfees:

- ’n Wonderlike gesinsfees met ’n groot ete, aan tafel
- of ’n mooi feesdag met liggies, ornamente en geskenke
- of ’n besondere geldmaak geleentheid en aan die einde drink jy ’n glasie wyn op jou groot winste.

- Maar met die instrument van geloof in plek in jou lewe is Christus so ’n realiteit dat jy God saam met die ou Simeon dank op Kersdag. Simeon wat die Baba Jesus wat agt dae oud was in sy arms geneem en gesê het: “nou het my oë u Verlossing gesien” (Lk 2:30).
- Kersfees is vir die gelowige ’n wonderlike fees omdat

  hy/sy daardie môre gevul is met <u>dankbaarheid</u> dat die Seun van God ’n mens, Jesus Christus, kom word het om hom/haar te verlos en te versoen met God en sy/haar voete te plaas op die weg na die hemel

  en omdat die gelowige daardie dag gevul is met ’n innige <u>verwagting</u> dat Christus weer sal kom om hom/haar te ontvang en in te neem in die hemel met alles wat dit inhou.

MATLALA SENDING : LEPELLE GEMEENTE

50 JAAR VAN GENADE

Matlala is 40 kilometer van Marble Hall af geleë in Lebowa.
Op 30 September 2007 is die vyftigste jaar van Matlala Sending gevier. Die sending het in 1956 onder leiding van ds Jorrie Jordaan begin rondom die vestiging van 'n hospitaal.

Ds Gawie Jordaan (emeritus leraar) is vanaf 1977 en steeds betrokke by die Sending.

Sedert die jare 60 is Lyttelton-Oos NG Gemeente ook betrokke veral by die Lepelle gemeente. Daar is onder andere finansieel gehelp met die opleiding van 'n gemeenteseun, ds MJ Moroaswi, wat tans die voltydse leraar van Lepelle is.

Lyttelton-Oos is verder betrokke by die Matlala Sending deur ons ondersteuning van Aksie Arbeiders van die Oes wat gereeld Matlala besoek met uitreike waarby van ons gemeentelede betrokke is.

Ds Jan van Jaarsveld (leier van Aksie Arbeiders van die Oes) het namens Lyttelton-Oos die feesviering bygewoon en 'n geskenk van R1000 oorhandig.
Hier volg 'n aanhaling uit die bedankingsbrief van ds Gawie Jordaan:

"Hiermee ons innige dank vir die donasie t.o.v. die 50ste jaar van bestaan van Matlala Sending. Ons waardeer julle ondersteuning op die ander terreine direk en indirek vir die Matlala uitreike. Ons sien uit na die feesviering: Leef God se Droom om dit saam met u te ervaar,

Seëngroete".

ONS SOEK …

Ou verjaarsdagkaartjies om te verwerk en nuwes te maak vir hergebruik in die gemeente.

Skakel asseblief vir Belinda Veldsman (076 554 8357).

Baie dankie vir u hulp.

GEMEENSKAPVEILIGHEID EN POLISIERINGSFORUM SEKTOR 2

DINSDAG 22 JANUARIE 2008

'n Vergadering van die Gemeenskap-Polisieringsforum Sektor 2 SAPS Lyttelton word gehou op Dinsdag 22 Januarie 2008 om 19:00

Plek: NG Gemeente
Lyttelton-Oos Saal
Hv Van Riebeecklaan en Moltenoweg
Lyttelton Manor .

Inwoners, besigheidsverteenwoordigers en verteenwoordigers van die sekuriteitsindustrie in die Sektor 2 gebied (Irene, Doringkloof, Lyttelton, Lyttelton Manor, Kloofsig, LMB Waterkloof, Monumentpark-Wes) asook ander belangstellendes is welkom om dit by te woon.

Navrae - Jaco van As E-pos:jmva@lantic.net 079 197 6267.

ID-NOMMERS

As u onseker is of u id-nommers op die databasis is, vul asseblief die onderstaande vorm in. Die id-nommers word genodig om lidmate by die argief te sentraliseer.

OUERS: Vader: ……..
Moeder: ……..
KINDERS: 1. ……..
2. ……..
3. ……..
4. ……..

Dit sal waardeur word indien u hierdie inligting aan Max Amsenga kan deurgee by Krugerlaan 286 (664-3629) of u kan die strokie in 'n koevert in die kollektebordjie plaas. Baie dankie vir u samewerking. (Kinders se nommers vind u op hul doopregistrasievorm).